# Resensies / Reviews

**Window on Business Ethics – A Challenge to Christians / Venster op bestuursetiek – 'n Uitdaging vir die Christensakelui. 1993.**
Potchefstroom : IRS/PU for CHE. 221 p. R30.00.

**Resensent**: *P.W. B. (Bingle) Kruger* (Pretoria)

Hierdie boek bestaan uit twee dele. Die eerste deel bevat vyf referate wat gelewer is tydens 'n konferensie van die Instituut vir Reformatoriese Studies in samewerking met die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan die PU vir CHO op 28 Februarie 1990. Die tweede deel bevat nege ander relevante bydraes oor die onderwerp asook 'n bibliografie. Dit is opvallend dat die Afrikaanse en Engelse titels van die boek nie dieselfde betekenis het nie en dat die bydraes nie van 'n sinopsis voorsien is nie.

Die doel van hierdie tweetalige publikasie word op die omslag aangegee as

- to improve recognition of ethical dimensions in management decisions;
- to acquire concepts and methods for analysing ethical issues;
- to strengthen the capacity for resolution of ethical issues in managerial decisions.

Sommige van die veertien referate slaag daarin om die gestelde doelwitte op 'n praktiese en stimulerende sakebestuurswyse te behandel (kyk D.F. Mostert asook G. Lindeque). Ander grotendeels filosofiese beredenerings sou min indien enige waarde in sakebestuur hê, maar kan van waarde wees vir studente of akademiese navorsers van die onderwerp (kyk veral die twee bydraes deur J.P. Tiemstra). Terwyl sommige outeurs die Skrifgefundeerde etiese beginsels en toepassings pertinent aandui (kyk H. Antonides, J.P. Tiemstra met elk twee bydraes asook dié van E. Schuurman, B. Goudzwaard, J.H. de Vries en B.J. van der Walt) handel ander slegs oor etiek in die algemeen – hoewel grotendeels by dieselfde beginsels uitgekom word soos byvoorbeeld eerlikheid, opregtheid, openheid en integriteit.

Die "doeletiek-" en die "pligsetiek"-benaderings (p. 79, 81) wat ten regte albei deur Schuurman afgewys word, herinner 'n mens aan die soms oordrewe klem wat vandag in onderhandelingspolitiek geplaas word op die proses bo die resultaat of andersom. Die Christelike standpunt rondom onderhandelingspolitiek soos gestel deur H. Antonides (p. 100) behoort van kennis geneem te word veral deur diegene wat met arbeidsonrus worstel. Die bydrae deur Rossouw oor die probleme van ontwikkelende lande is hoogs relevant vir ons tyd en vir diegene betrokke by ekonomiese en maatskaplike opheffing. Net so aktueel is die oorsig

van die *New Age*-Beweging deur B.J. van der Walt met riglyne vir die Christelike antwoord daarop. B.J. van der Walt se slotskrif-bydrae help om tot die kern van Christelike etiek deur te dring en dien ook tot 'n beter fokus in veldafbakening en Christelike normstelling. Talle vrae bly egter nog onbeantwoord vanweë die kompleksiteit van die probleem.

Alhoewel die samelewing 'n groot gebrek aan begrip en toepassing van Christelike bestuursetiek beleef en daar groot grys areas van onsekerhede bestaan, is daar tog ook talle sakebestuurders wat etiese optrede in praktyk doelbewus nastreef. Dié publikasie is 'n bevestiging hiervan en kan met vrug gelees word deur bestuurders in die private en openbare sektor sowel as akademici en diegene wat betrokke is by die talle onderhandelingsforums in ons land.

Opsommenderwys kan die inhoud van die afsonderlike referate soos volg weergegee word:

- B. van Jaarsveld – "The objectives of this conference" (p. 1-6): As inleidende opmerkings tot die konferensie word 'n twintigtal kort prikkelgedagtes oor bestuursetiek aangebied.
- H. Antonides (Kanada) – "Socialism or capitalism: or is there an alternative?" (p. 7-25): Daar bestaan waarheidselemente in sowel die sosialisme as die kapitalisme. Skrifgefundeerde beginsels word aangebied waaraan enige ekonomiese of politieke stelsel moet voldoen want: "The one requirement that we cannot escape, however, is that we are called to surrender completely to the power and grace of God and humbly seek to do His will" (p. 24).
- G. Lindeque – "Conflict management: an executive guide to business ethics" (p. 26-33). Die ervaring van Eskom in die toepassing van etiek in konflikbestuur word bespreek. Met 'n waardestelsel gebaseer op respek vir die individu, kliëntefokus, en superieure werkuitvoering, insluitende die etiese beginsels van eerlikheid, openheid, opregtheid, integriteit en buigsaamheid, word 'n korporatiewe kultuur verkry wat vertroue bou en waarbinne konflikoplossing in 'n veranderende sakewêreld kan geskied.
- A.B. Carroll (VSA) – "Business ethics within the context of corporate social responsibility" (p. 34-57): 'n Amerikaanse perspektief word gegee op die korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid binne 'n vierdeel-raamwerk van die ekonomie, die wetlike, die etiese en die diskresionêre kernvraagstukke. Etiese optrede moet voldoen aan sowel die professionele norme as die algemene standaarde van korrekte gedrag omdat eersgenoemde nie altyd wyd genoeg uitgespel word nie. Die sakebestuurder moet bekend wees met die volle spektrum van motiveringsteorieë om etiese optrede in die werkplek te kan bewerkstellig.
- D.F. Mostert – "Die bestuur van waardes / the management of value systems" (p. 59-76): Dié referaat handel oor die bestuur van waardes soos deur die SASOL-organisasie ervaar en toegepas. Waardebestuur berus by topbestuur, neem die waardes van alle relevante belangegroepe in ag, word duidelik uitgespel, doeltreffend gekommunikeer en aanvaar, word deel van die maatskappykultuur en word met alle besigheidshandelinge geïntegreer. As van kardinale belang vir die nywerheid en sakewêreld word reëls gestel ten opsigte van die omgewing, die beskerming van gebruikers, die behandeling van werknemers, regverdige en onbevooroordeelde optrede en eerlikheid.

- E. Schuurman (Nederland) – "Ondernemingsetiek" (p. 77-87): 'n Oorsig word gegee van 'n aantal hoofstrominge in ondernemingsetiek. Sowel dit wat as 'doeletiek' en dit wat as 'pligsetiek' funksioneer, word as eensydig afgewys ten gunste van 'verantwoordelik-heids-etiek'. Binne hierdie siening is ruimte daarvoor dat "(d)ie ondernemer deur God geroep is om deur sy onderneming God te dien en sy naaste tot seën te wees" (p. 82).

- H. Antonides (Kanada) – "From confrontation to partnership" (p. 88-101): 'n Beeld word verskaf van die beginsels waarvolgens die Christian Labour Association of Canada funksioneer. Die CLAC glo dat hy 'n groot bydrae kan maak deur die toepassing van Christelike norme in onderhandeling en deur die werker terug te plaas in 'n posisie van verantwoordelikheid in sy werk. Die primêre erkenning van die Christelike beginsels van rentmeesterskap, liefde en geregtigheid is nodig met beskerming aan die armes, die swakkes en die minderheidsgroepe.

- B. Goudzwaard (Nederland) – "Economic life: a confession" (p. 102-114): Met Skrifgefundeerde argumente dat ons ganse lewe dien as 'n getuienis van ons diepste oortuigings en motiverings en van die fokus en doel van ons bestaan, word probleemareas van ons ekonomiese lewenspatroon meesterlik belig. Hierdie probleemareas sluit in sake soos die mens se skeppingsdrang, moderne afgodediens, rentmeesterskap, die ekonomie van Gods koninkryk, verslawing, voordurende gebrek aan tyd, eienaarskap en werksetiek. Laasgenoemde word veral treffend verbind met die Bybelse begrippe van skepping, samewerking en vrede. Christus word die kern van ons lewenstyl.

- J.H. de Vries – "Die industriele reformasie" (p. 115-126): Enkele moontlike oorsake en gevolge van die gebrek aan etiese waardes in ons sakegemeenskap word bespreek. Eksodus 20 word voorgehou as uiteindelike bron vir etiese vraagstuknormering. Die gaping tussen die religieuse en die werklewe moet verdwyn, asook die dominasie van die maatskappybalansstaat bo die eties/morele. Die Christelike ondernemer moet sy amp as profeet, priester en koning uitleef. Hierdie ingesteldheid vereis waagmoed soos van 'n Gideon. Die swak selfbeeld vanweë die huidige geestelike nood verander dan na die uitstraling van die Godsbeeld. Die bedryfsetiek word nie deel van die winsmotief nie, maar word die beheersing van die bestuursfilosofie.

- G.J. Rossouw – "Business ethics in developing countries" (p. 127-139): In teenstelling met ontwikkelde lande het ontwikkelende lande 'n veel groter gebrek aan die toepassing van etiese beginsels in sakepraktyke. 'n Teorie wat korreleer met dié van Kohlberg oor morele ontwikkeling word voorgehou. Hierdie teorie bestaan uit oorlewingsmoraliteit, gevolg deur reaktiewe moraliteit en uiteindelik wanneer eie inisiatief met etiese optrede eers na vore kom, word die hoogste vorm, naamlik pro-aktiewe moraliteit verkry. Gemeenskappe wat werkloos is, skyn uitgelewer te wees aan eersgenoemde. Net so word immorele sakepraktyke ook deur skadelike gewoontes en strukturele tekortkominge binne die gemeenskap teweeggebring. 'n Omvangryke herstrukturering en opheffingsaksie wat wye samewerking binnelands en van die buiteland verg, word as oplossing aangebied.

- J.P. Tiemstra – "Stories economists tell" (p. 140-146): Die standpunte van die konserwatiewe en liberale ekonomiese skole in die wêreld word teenoor mekaar opgeweeg. Die gereformeerde Christelike perspektief verskil van albei sieninge, veral daarin dat mense minder reageer op finansiele insentiewe en meer gedryf word deur 'n geestelike visie, lewenswaarders en oortuigings. Hierin lê 'n belangrike taak vir die Christelike gemeenskap.

- B.J. van der Walt – "The New Age Movement" (p. 147-178): Die *New Age*-Beweging wat wyd strek en wat 'n alternatiewe kultuur, gemeenskap en denke met hul mensgerigte,

god-in-alles Oostersfilosofiese lewens- en wêreldbeskouing nastreef, word insiggewend opgesom. Die Christen se antwoord hierop is gebaseer op 'n onverdeelde lewe in diens van God.

- J.P. Tiemstra (VSA) – "Christianity and economics: a review of recent literature" (p. 179-207): Talle geskrifte deur Amerikaanse evangeliste handel oor die verhouding tussen geloof en die ekonomiese wetenskap. Die referaat behandel die beginsels van Christelike belang by die ekonomie, die sosialisme en die tweeledige kritiek deur Christene op hoofstroom-ekonomie-beskouinge. Dan volg die institutionaliste se reaksie en verdere eie kommentaar. Die outeur poog om hiermee 'n lesersgids daar te stel ten opsigte van die omvangryke leesstof en dui ook die moontlike koers aan wat toekomstige ondersoeke kan volg.
- B.J. van der Walt – "Do we not perhaps need more than (business) ethics? – a philosophical postscript" (p. 208-216): Vanweë die uiteenlopende temas van die bydraes bied die outeur ter afsluiting van die boek 'n meer diepgaande en toegespitsde beskouing. Van etiek as algemene wetenskap van die normatiewe word te veel verwag wanneer dit die ander wetenskappe met hul verlore norme moet bedien. Dit sou veel meer sinvol wees as die etiese 'n inherente deel is van elke wetenskapsveld soos byvoorbeeld die ekonomie. Wat ons dus nodig het, is nie slegs Christelike etiek nie, maar Christelike ekonomie wat gewortel is in die Bybelse begrip van rentmeesterskap. Om die tradisionele wydlopende sieninge van die veld van etiek nouer af te baken word voorgestel die Skrifbeginsel van liefde tussen mense soos weergegee in die begrippe waarheid, egtheid, integriteit, lojaliteit, respek, eerlikheid en betroubaarheid.

**TAYLOR, R.K. 1992. Remembering Esperanza. A Cultural-Political Theology for North American Praxis.** New York : Orbis Books. 292 p. $16,95. (Sagteband.)

**Resensent:** *Wim Vergeer* (Gereformeerde Kerk Randfontein-Noord, Randfontein)

Vanuit eie teologiese paradigma beskou, verlei eerste indrukke die leser om nie hoë verwagtinge ten opsigte van Taylor se boek te koester nie. Die voorblad en titel wek meer die indruk van 'n moderne roman as 'n teologiese werk, en 'n vinnige deurblaai bevestig die vermoede dat hierdie studie nie steun op besonderse eksegese nie.

Hierdie eerste indrukke is egter nie blywend nie. Binne die bestek van 'n paar bladsye oortuig die skrywer die leser dat hy inderdaad belangrike aspekte van die hermeneutiek op verrassende en bekwame wyse hanteer. 'n Nuwe wêreld van vrae en antwoorde en nog meer vrae word geleidelik voor die leser oopgedek. Onbewustelik word die leser in die argument betrek, met die gevolg dat die boek meermale 'eers neergesit' moet word vir behoorlike nadenke oor wat pas gelees is. Beslis nie 'n boek wat in 'n paar dae klaar gelees en verstaan is nie !

Taylor besin oor die rol wat outobiografiese elemente in die teologie behoort te speel. Die tradisionele 'dogmatiese' teologie vermy hierdie elemente gewoonlik

uit vrees vir subjektiwisme. Hierdie vermyding lei egter volgens Taylor tot 'n ontoelaatbare vervreemding tussen die teologie en die 'gewone wêreld' – tussen tradisie en ervaring. Hierdie vervreemding is ontoelaatbaar omdat teologie in die gewone wêreld ter sprake moet kom, en die teoloog se beskouings immers ook deur hierdie wêreld gekondisioneer word.

Taylor maak die interessante voorstel dat outobiografiese elemente in teologiese refleksie ter sprake gebring moet word deur gedissiplineerde ondersoek na die teoloog se eie ervaring van herinnerings. Langs hierdie weg ontwikkel hy op meesterlike wyse "Remembering Esperanza" as redefiguur vir hermeneutiese self-implikasie in die teologie. Herinnering is in hierdie redefiguur die geheue se vermoë om gefragmenteerde ervarings uit die verlede op 'n verskeidenheid maniere te verbind. Kenmerkend van herinnering is volgens Taylor dat dit visueel, ontwykend, emosioneel en aansluitend van aard is.

Die herinnering aan Esperanza (dié naam beteken 'hoop') vind by Taylor 'n oorsprong in sy jeugjare. Sy ouers het as antropoloë onder die Zapotek-volk in die suide van Mexiko gewerk. As vyfjarige het Taylor in aanraking gekom met 'n veertienjarige Zapotek-dogter met die naam Esperanza. In hulle vriendskap het twee kulture, geslagte, klasse en rasse ontmoet. Die persepsies van en herinnerings aan daardie ontmoeting neem Taylor as vertrekpunt in die ontwikkeling van 'n kultureel-politiese teologie vir die Noord-Amerikaanse lewenspraktyk.

Taylor onderskei tussen kultureel-politiese teologie en korrelasie-teologie. Die verskil lê daarin dat kultureel-politiese teologie nooit tradisie en ervaring as twee verskillende pole sien nie. Refleksief en beeldend wil die kultureel-politiese teologie soek na 'n *Christopraxis* vir die Noord-Amerikaanse situasie. Kenmerkend van hierdie situasie is vir Taylor 'n postmoderne trilemma waarin gestry word om die Christelike tradisie toepaslik te maak, pluraliteit te verheerlik en politieke oorheersing te kritiseer. Taylor wil graag hierdie trilemma op 'n verstaanbare en moreel regverdigbare wyse hanteer.

Die hermeneutiek wat Taylor in antwoord op bogenoemde vrae formuleer, noem hy ''n kultureel-politiese hermeneutiek van tradisie'. Hierdie hermeneutiek word as 'polities' beskryf omdat dit aandag wil gee aan die oorheersingsmodelle in tradisionele praktyke. Die hermeneutiek word as 'kultureel' beskrywe omdat Taylor modelle van dominasie as kulturele veranderlikes wil bestudeer en weerlê. Die modelle van oorheersing wat Taylor op hierdie wyse bestudeer, is seksisme, hetroseksisme, klassisme en rassisme.

Alhoewel Taylor sy teologie Christosentries wil beoefen, is die Christologie in sy hermeneutiese ontwerp gefokus op bevryding en versoening. 'In Christus wees' bestaan vir hom uit die ervaring van bevryding van oorheersing asook die ervaring van versoening deur die verheerliking van pluraliteit.

Taylor hoop om deur hierdie hermeneutiese ontwerp die onderdrukking waarin die Noord-Amerikaanse lewenspraktyk ingebed is op 'n teologiese en verantwoordelike wyse bloot te lê. Vir hom is dit terselfdertyd 'n manier om die gefragmenteerde gedagtes en ervarings wat hy met Esperanza assosieer in herinnering te roep.

Alhoewel Taylor se bykans volledige sosiale fokus en toespitsing op die Noord-Amerikaanse praktyk sekere voorbehoude ten opsigte van die direkte toepaslikheid van sy hermeneutiese ontwerp meebring, bied sy deursigtige metodologiese aanpak en teoretiese begronding (veral ten opsigte van die rol van outobiografiese elemente in die teologie) waardevolle insigte wat in die gereformeerde teologie verder ondersoek behoort te word. Taylor se boek bied belangrike leesstof vir diegene wat op soek is na nuwe antwoorde vir die nuwe vrae wat hedendaags aan die hermeneutiek gestel word.

**WILLIAMS, DELORES S. 1993. Sisters in the Wilderness. The Challenge of Womanist God-Talk.** Maryknoll, New York : Orbis Books. 287p. $19,95 Cloth

**Resensent**: *E.M. Cornelius* (Dept. Klassieke en Semitistiek, PU vir CHO)

## 1. Inhoud

In die inleiding maak Delores S. Williams dit baie duidelik dat die hoofdoel van hierdie boek nie is om konstruktief op te tree met betrekking tot die omstandighede van die *African-American* vroue nie, maar om die omstandighede van hierdie vroue te skets – die omstandighede wat die bril vorm van hul teologiebeoefening. En gesien teen hierdie agtergrond, is *Sisters in the Wilderness* 'n voortreflike boek! Williams slaag daarin om die leser, soms met 'n skoktaktiek, bewus te maak van die *African-American* vroue se haglike situasies van armoede, rasse- en seksuele diskriminasie, gedwonge moederskap, enkelouerskap en surrogaatmoederskap. Uiteindelik word die leser ingelei in die vroue se ervaring van God. Hierdie narratiewe gedeelte (in deel I van die boek) getuig van deeglike wetenskaplike navorsing, maar ook van Williams se intense emosionele betrokkenheid by haar mense.

Tog is ek van mening dat sy veel meer konstruktief optree as wat sy werklik besef. Hierdie boek gaan ook verder deur in deel II van die boek verskilpunte, raakpunte en moontlike debatpunte met die liberale teoloë, swart kerke en feministiese teoloë te bespreek vanuit die opkomende *womanist* teologie. En hierdie deel is ook maar haar poging om haar mense te help "to make a way out of no way"!

Die titel van die boek hou verband met Williams se metode, naamlik om deur 'n "womanist survival lens" na die verhaal van Hagar in Genesis 16 en 21 te kyk. Sy identifiseer parallelle in die Hagar-verhaal met die gegewens uit die geskiedenis van die *African-American* vroue. Sy noem haar metode 'n "rereading" van die teks. Uit haar interpretasie van die teks realiseer oorlewingstrategieë vir die swart onderdrukte vrou. Soos Hagar, het elk van hierdie vroue 'n "wilderness experience" waaruit hulle krag put om bo hul omstandighede uit te styg.

## 2. Evaluering

Die grootste punt van kritiek op hierdie boek is egter op metodologiese vlak. Alhoewel Williams nie werklik ten doel het om konstruktief op tree nie, bly dit 'n boek wat 'n groot impak kan hê op onderdruktes se hantering van hul situasies. Ek is van mening dat om konstruktief te werk te gaan, veel meer sal moet inhou as net 'n interpretasie van Genesis 16 en 21. Die res van die Skrif en veral ook die Nuwe Testament werp soveel meer lig op sulke situasies. Die vraag is dus: is dit metodologies korrek om Hagar te identifiseer as prototipe en suster in die wildernis en dan oor haar optrede te bespiegel?

## 3. Teikengroep

Binne die konteks van die politieke veranderinge in Suid-Afrika vandag, behoort hierdie boek 'n beperkte bron van hoop te wees vir die onderdruktes, maar ook 'n *eye-opener* vir die verdrukkers om meer begrip te toon vir die verdrukte.

---

**VAN WYK, J.H. 1993. God sorg en regeer. Die voorsienigheid van God in dogmatiese diskussie.** Potchefstroom : Departement Sentrale Publikasies, PU vir CHO. 48pp. Prys R9,12 ISBN 1-86822-147-4

---

**Resensent**: *A.H. Grové* (Geref. Kerk Klerksdorp-Noord)

Van Wyk wys in Hoofstuk 1 daarop dat – en dit is die probleemstelling waarop hierdie lesersvriendelike werk fokus – in die kontemporêre teologiese diskussie "enersyds 'n bepaalde *evidensie*, maar andersyds 'n sekere *paradoks*" bestaan – "'n evidensie as na die skriftuurlike geluister word, maar 'n paradoks as na die menslike gekyk word" (p. 1). Die kritiek teen die voorsienigheidsgeloof het 'n vyfvoudige agtergrond: 'n veranderde wetenskapsbeeld, Godsbeeld, wêreldbeeld, mensbeeld en gesagsvisie (p. 3-4).

Hoofstuk 2 ("Oriëntasie") gee 'n bondige "teologiese ontwikkeling van die voorsienigheidsgeloof" (p. 5). Die aksente wat Aurelius Augustinus, Thomas van Aquino, Johannes Calvyn, Herman Bavinck, Karl Barth, Jürgen Möltman en

Adrio König gelê het met betrekking tot God se voorsienigheid word deur die outeur in die lig van die Skrif geëvalueer. In sy evaluering wys Van Wyk op die ontwikkeling van Christokrasie in die voorsienigheidsgeloof, en soms ook die gebrek daaraan.

In hoofstuk 3 ("Negasie") word 'n sestal eensydig beklemtoonde kontraste (wat die outeur "'n aantal foutiewe standpunte" [p. 20] noem) aan die orde gestel, te wete: monisme en dualisme, deïsme en panteïsme, fatalisme en kasualisme, futurisme en teopaschitisme, kwiëtisme en aktivisme, passivisme en optimisme. Kort toepaslike definisies binne die kader van die voorsienigheidsgeloof en sonde word gegee, en met veelvuldige verwysings na die Skrif en belydenis afgewys.

Hoofstuk 4 ("Evaluasie") gee aandag aan "bepaalde neigings en klemplasings wat in die moderne teologiese denke na vore kom" (p. 27). In 'n agttal deeglik gemotiveerde stellings wys die skrywer wanbeklemtoninge uit en af. Volgens die skrywer vind daar 'n oorbeklemtoning/oorspanning plaas van (1) die rasionale dimensie ten koste van die geloofsdimensie, (2) die ervarings- ten koste van die openbaringsmotief, (3) die demonologiese motief ten koste van die Christologiese motief, (4) die Christologiese motief ten koste van die Patrologiese en Pneumatologiese motiewe, (5) die liefdesmotief ten koste van die gerigsmotief, (6) die liefdesmotief ten koste van die almagsmotief, (7) die menslike verantwoordelikheid ten koste van die soewereiniteit van God, en (8) die eskatologiese ten koste van die protologiese perspektief.

In hoofstuk 5 ("Samevatting") konstateer die outeur "dat die debat rondom die voorsienigheidsleer tog bepaalde winspunte opgelewer het" (p. 40). Die voorsienigheidsleer is 'n *geloofsbelydenis*, moet as 'n *trinitariese belydenis* verstaan word, is 'n *aktiverende belydenis* en 'n *hoopvolle belydenis*.

Die skrywer handhaaf deurgaans 'n sistematiese en logiese gedagtelyn, bedien hom van keurige formulerings en motiveer sy stellings uit die Skrif en konfessie. Die werk is afwysend teenoor standpunte oor die voorsienigheidsleer wat nie Bybels gefundeerd is nie, maar waarderend teenoor sienings wat strook met die Skrif.

Die uitstaande winspunt van hierdie werk is dat dit perspektief op die voorsienigheidsleer bied vanuit 'n *trinitariese* gesigspunt. Daarom kon die skrywer eensydige onder- en oorbeklemtoninge identifiseer en die perspektiewe wat die Skrif bied, duidelik en maklik verstaanbaar formuleer. 'n Verdere winspunt is dat die werk 'n wye spektrum inligting bondig saamvat en prinsipieel geëvalueerd deurgee.

Dié sagteband is van 'n volledige inhoudsopgawe en bronnelys voorsien. Logiese opeenvolgende en bondig geformuleerde paragraafopskrifte maak die inligting

maklik toeganklik. Van die gespesialiseerde teoloog tot die ingeligte kerklidmaat sal hierdie werk profytlik vind.

**BOTHA, E. & ENGELBRECHT, J.** *eds.* **1992. Succeed at Dissertation.**
Halfway House : Orion. 115p. Prys: R31.04

**Resensent**: *H.F. van Rooy* (Dept. Klassieke en Semitistiek, PU vir CHO)

Die skryf van 'n proefskrif of verhandeling bly een van die belangrikste ondernemings van 'n persoon wat hom graag akademies beter wil kwalifiseer. Die akademie het baie fasette, maar studie en navorsing het steeds 'n baie belangrike plek daarin. In 'n sekere sin kan die akademie met 'n spel vergelyk word. Indien 'n persoon aan een of ander vorm van georganiseerde sport wil deelneem, moet hy die reëls van die spel ken en moet hy volgens daardie reëls aan die spel deelneem. Natuurlik is talent en aanleg ook nodig, maar sukses kom alleen binne die spelreëls. So het ook die akademie sy eie spelreëls – en iemand wat goeie navorsing wil doen en 'n goeie proefskrif of verhandeling wil skryf, moet die spelreëls ken en daarvolgens kan handel. Iemand wat as dosent in die akademie is, leef elke dag binne die akademiese atmosfeer, maar iemand wat voltyds binne 'n ander kring werksaam is, is nie altyd so goed op hoogte van die akademiese opset nie. Dit geld ook van predikante, wie se daaglikse werk nie los van sekere sake staan wat met die akademie verband hou nie, maar wat nie elke dag met werklike basiese navorsing besig is nie. Basiese navorsing is egter dit wat ten grondslag lê van 'n proefskrif of verhandeling. Indien 'n persoon dus 'n tyd lank nie met die akademie in die streng sin van die woord besig is nie, is dit baie belangrik dat hy hom goed op hoogte moet stel van die spelreëls van die akademie. Dit is presies op hierdie terrein dat die publikasie van Botha en Engelbrecht van groot waarde kan wees. Dit word sterk aanbeveel dat enige predikant wat met verdere studie wil begin, eers die boekie aanskaf en deurlees om homself te vergewis van die eise wat aan hom gestel gaan word.

Die redakteurs en medewerkers is almal geesteswetenskaplikes, sodat hier nie 'n natuurwetenskaplike navorsingsmodel voorgehou word nie, maar een wat geskik is vir navorsing in die geesteswetenskappe, ook in die teologie. Daar is elf hoofstukke in die publikasie, waarvan sommige meer teoreties van aard is en sommige meer prakties. Meer teoreties is 'n bespreking van die verskil tussen voorgraadse en nagraadse studie, die aard van proefskrifte en verhandelinge en die aard van wetenskaplike navorsing. Veral laasgenoemde is van die grootste belang vir die voornemende nagraadse student. In die teoretiese gedeelte word kortliks aandag gegee aan die verskil tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing, die rol van paradigmas of voorveronderstellings en die wetenskaplike proses.

Meer prakties is die bespreking van die verhouding tussen student en promotor, die rol van die biblioteek, die bibliografie, eksaminering en statistiek. Daar word ook praktiese wenke gegee oor hoe te werk gegaan moet word met die insameling van data en die hantering van bronne. Aan die einde van elke hoofstuk word daar na verdere literatuur verwys.

Elke universiteit het natuurlike sy eie voorskrifte vir proefskrifte en verhandelinge en sy eie riglyne vir studente en promotors. Hierdie werk bied egter 'n baie goeie beginpunt vir enige voornemende nagraadse student wat hom in staat sal stel om seker te maak wat die vereistes is vir nagraadse studie. Die uiteensetting is wetenskaplik verantwoord en op 'n hoë peil. Wanneer dit gelees word saam met die spesifieke voorskrifte van 'n besondere universiteit bied dit 'n uitstekende beginpunt vir enige nagraadse studie. Dit word dus baie sterk aanbeveel vir enige predikant wat dit oorweeg om met nagraadse studie te begin – en diegene wat reeds begin het, sal handige praktiese wenke kry wat die studie baie kan vergemaklik.

**TAUTE, JOHAN. 1993. Seisoen vir versoening. Teologiese riglyne en preke oor die bediening van versoening.** Kaapstad : Lux Verbi. 68 p. R19,98.

**Resensent**: *C.J.H. Venter* (Dept. Diakoniologie, PU vir CHO)

Na 'n woord vooraf deur W.D. Jonker, behandel Taute sy tema onder 'n afdeling A en 'n afdeling B. Onder die eerste indeling wy hy aandag aan die betekenis van die begrip versoening, versoening in drie dimensies, die kerk en die bediening van die versoening asook versoening en sosiale geregtigheid. In afdeling B bied die skrywer vier versoeningspreke uit die sendbriewe van Paulus aan.

Die funderingshoofstuk wat handel oor versoening in drie dimensies, bepaal die raamwerk van die hele boek. Versoening moet naamlik gesien word as persoonlike, sosiale en kosmiese versoening. Tussen hierdie drie velde van versoening is daar 'n onlosmaaklike band. Die klem wat die skrywer lê op die taak van die (geïnstitueerde) kerk in die versoening moet as besonder gebalanseerd beskou word. Hy pleit vir 'n omvattende (multi-dimensionele) bediening van die versoening versus die bediening van die versoening óf vir persoonlike verlossing óf as instrument vir politieke ideale. Sy uiteensetting van versoening en sosiale geregtigheid is dogmaties stewig.

Hierdie werk van Taute is sekerlik 'n uitvloeisel van sy D.Th-proefskrif *Versoening en die versoeningsproses – 'n teologiese besinning oor die Suid-Afrikaanse debat*, wat in 1992 aan die Universiteit van Stellenbosch aanvaar is.

Ons het hier te doen met 'n baie aktuele onderwerp en 'n gefundeerde en gebalanseerde behandeling daarvan – ook in die vier preke – in die Suid-Afrikaanse konteks. Gefundeerd moet hier egter nie gesien word as moeilik verteerbaar nie. Hiermee word gesê dat Taute se werk toeganklik is vir predikante, dosente, studente en vir gemeentelede wat hierdie belangrike saak op die hart dra en aktief daaraan wil (moet!) meewerk.

**CALLAHAN, K.L. 1993. Twaalf sleutels tot 'n effektiewe gemeente. Die beplanningswerkboek.** Vertaal deur J.J. Louw en Malan Nel. Halfweghuis : Orion. 52p. Prys 19,95.

**Resensent:** *S.C. Vorster* (Gereformeerde Kerk Voortrekkerhoogte)

## 1. Inleiding

Daar is tans 'n geweldige toename in literatuur wat die moderne insigte van die gedragswetenskappe op die kerk toepas. So kan doelwitbestuur met goeie gevolg in die kerke toegepas word. 'n Kenmerk van die Christelike kerk is juis sy doelgerigtheid wat ondersteun word deur 'n effektiewe en ordelike organisasie (art. 1 KO).

Aan die ander kant het die *Church Growth*-rigting in Amerika 'n nuwe visie op die kerk gegee. In hierdie beplanningswerkboek kombineer Callahan die proses van doelwitbestuur met die ekklesiologiese insigte van die *Church Growth*-rigting.

Kennon L. Callahan, 'n pastor en teoloog, word op die gebied van bestuurskonsultering en navorsing van gemeentebeplanning as 'n wêreldleier gereken. Dr. Callahan het reeds drie boeke oor die onderwerp die lig laat sien, naamlik: *Twelve Keys to an Effective Church, Twelve Keys: The Leader's Guide* en *Effective Church Leadership.*

## 2. Inhoud

Callahan lei gemeentes deur hierdie werkboek om die teorie wat in bogenoemde publikasies bespreek is, in 'n beplanningsiklus stap vir stap prakties toe te pas.

In die eerste hooffase meet die gemeente sy huidige posisie in verhouding met ander gemeentes. Vier maatstawwe word hiervoor gebruik, naamlik gemiddelde erediensbywoning, gemiddelde katkisasiebywoning, gemiddelde bywoning van ander onderriggeleenthede en die aantal belydende lidmate in die gemeente. Na 'n statistiese berekening volgens vasgestelde formules word die gegewens ingevul op die grafieke en tabelle wat in die boek voorsien word.

In die tweede hooffase moet die gemeente sy missionêre potensiaal vasstel. *Missionêr* se betekenis in hierdie konteks word in 'n voetnoot beskryf as "... bediening wat uitreik na mense buite eie kring en wat gerig is op die omvattende nood en behoeftes van mense". Hierdie hooffase bestaan uit drie subfases: die ontleding van 'n gemeente se *huidige groei*, die bepaling van hoe groot die gemeente *kan* groei (groeipotensiaal) en 'n beslissing van hoe groot die gemeente *wil* groei (groei-ideaal).

In die derde hooffase moet die gemeente ontleed word aan die hand van twaalf sentrale eienskappe wat 'n effektiewe gemeente kenmerk. Ses kenmerke is persoonsgesentreerd en ses is funksioneel.

In terme van haar *relasionele* ingesteldheid (hoe is die verhouding tussen die gemeentelede onderling?) word die volgende ses aspekte uitgesonder – aspekte waaraan die effektiwiteit van gemeentefunksionering gemeet kan word, spesifieke en konkrete missionêre doelwitte, pastorale besoeke deur predikante en lidmate in die gemeenskap, gemeenskaplike, dinamiese en lewende eredienste, relasionele groepe (omgeegroepe), sterk leierskaphulpbronne, deeglike en deelnemende besluitneming.

*Funksionele* kenmerke (kenmerke wat die gemeente 'gebruikersvriendelik' vir buitestaanders maak) sluit die volgende in: verskeie toereikende programme en aktiwiteite, toeganklikheid, opvallende sigbaarheid, voldoende parkering, grond en landskapsontwikkeling, voldoende ruimte en fasiliteite, gesonde finansiële hulpbronne.

Die hele beplanningsproses word afgesluit waar sentrale kenmerke, sleuteldoelwitte en tydskedules vir die gemeente vasgestel word. Sterk punte word gekies om op voort te bou en 'n tydskedule word vir die volgende drie tot vyf jaar opgestel.

## 3. Beoordeling

Die belangrikste winspunt van die boek is dat dit kerke se oë moet oopmaak vir die *missionêre gerigtheid* van die kerk, veral deur evangelisasie.

Die tyd het sekerlik vir alle gereformeerdes aangebreek om selfondersoek te doen oor dalende lidmatetalle, weer die kosbare goud van ons gereformeerde erfenis af te stof en om in 'n moderne byderwetse idioom doelgerig *uitwaarts te beweeg* na die moderne mens.

'n Praktiese voordeel van die boek is die 'gebruikersvriendelikheid': dit is eenvoudig geskryf en die riglyne is duidelik uiteengesit sodat elke leser dit maklik kan volg. Die boek is handig omdat dit 'n werkboek is (soos 'n invulvraestel). Al die grafieke en tabelle is voorsien van 'n logiese verduideliking hoe om dit te vol-

tooi. Veronderstelde kennis van die teorie van doelwitbestuur is nie nodig nie en daarom is dié publikasie uiters geskik vir diegene wat nie voorhande kennis van beplanning het nie.

Die vernaamste leemte van die werkboek is dat die beplanningsproses nie deur 'n *teologiese onderbou* gedra word nie (alhoewel aanvaar kan word dat dit 'n praktiese werkboek is wat in aanvulling met ander boeke waarin die teologiese onderbou wel na vore kom, gebruik moet word).

Wie die kerk wil laat groei, moet by die Skrif begin en nie by sosiologiese uitgangspunte nie. Die kerk sal immers alleenlik blywend groei as hy getrou bly aan die Bybelse opdrag! Die teologiese visie van die verhouding tussen *koninkryk* en *kerk* sou met groot vrug aangewend kon word om die noodsaak van die missionêre eienskap van die kerk as 'kerkgroei' te versterk.

Bogenoemde leemte verskuif die aksent van die hele beplanningsproses na die *kerksentriese* waar die kerk as 'n organisasie (onderneming) beskou word wat deur bepaalde ondernemersbehendighede 'bestuur' en deur bemarking 'geadverteer' kan word. Hoewel hierdie beplanningsvaardighede 'n handige en noodsaaklike hulp*middel* is, mag dit nooit verhef word tot doel op sigself nie.

Sou gemeentebeplanning nie meer daarby baat om die klem minder op kerklike strukture (organisasie) te plaas en meer te konsentreer op *koninkryk*, *dienste* (ampte) en op die *dinamiese aard van die kerk* waarin die *Heilige Gees* werksaam is nie?

'n Poging tot die vestiging van gladde organisatoriese besture mag moontlik weer uitloop op die skep van nuwe strukture, maar strukture wat formalisties en dood is – 'n doodsheid waarvan ons almal graag wil wegbreek.

Enkele formele punte van kritiek is dat die *letterlike* vertaling van die Amerikaans soms hinder. 'n Verdere gebrek van die boek is dat dit op 'n *Amerikaanse demografiese situasie* gebaseer is wat moeilik net so op die Suid-Afrikaanse konteks toegepas kan word. Die vertalers het wel in 'n addendum verwerkte gegewens uit *Kerkspieel III* van die NG Kerk verstrek – 'n toevoeging wat die bruikbaarheid van die boek vir die NG Kerk verhoog.

## 4. Samevatting

Die boek beklemtoon *doelgerigtheid* en die *vermeerdering* van die kerk as 'n belangrike aspek vir die opbou van die kerk. 'n Suiwer vertrekpunt vanuit *koninkryk, bediening en kerk*, aangevul deur insigte van die hulpwetenskappe, sal die poging in hierdie publikasie egter meer waardevol maak.

# Boekbekendstellings

**DU RAND JAN, A. 1990. Johannese perspektiewe.** Pretoria : Orion. 313 p. Prys: R 59,00

Prof. Jan du Rand bied met hierdie publikasie die neerslag van agtien jaar se toegespitste navorsing op die Johannese geskrifte. Die skrywer noem in die voorwoord dat hierdie boek Deel 1 is, en dat dit DV opgevolg sal word deur Deel 2: *Die teologiese en etiese boodskap van die Johannese geskrifte*. Deel 1 het ten doel om die gebruiker te oriënteer ten opsigte van die Johannese Inleidingsvraagstukke. Dit bevat ook 'n eie standpuntinname na aanleiding van 'n evaluering van die huidige stand van navorsing.

Die boek bestaan uit drie afdelings: (1) Die Evangelie volgens Johannes [p. 4-120]; (2) Die Johannesbriewe [p. 121-163]; en (3) Die Openbaring aan Johannes [p. 164-273]. Die aanpak van elk van hierdie afdelings is deur die stof bepaal:

- In Afdeling 1 kom die volgende aan die orde: die kenmerke van die Johannes-evangelie; die eerste historiese lesers, die denkraamwerk en die doel van die geskrif; die outeurskap; die samestelling en ontstaan; die indeling van die evangelie; die verhouding tot die Sinoptiese Evangelies en die Johannes-briewe.
- In Afdeling 2 word die volgende behandel: die proses van kanonisering van die Johannesbriewe; die literatuursoort; die Griekse teks en 'n tipering van die redeneerstyl; die moontlike ontstaansituasie en die verhouding tot die Johannesevangelie; die leer, optrede en identiteit van die teenstanders; die literêre samestelling, datering en ontstaansplek; die indeling en opbou.
- Afdeling 3 stel die Openbaring aan Johannes soos volg aan die orde: Openbaring as apokaliptiese geskrif; die ontstaan van Openbaring; simboliek, apokaliptiese retoriek en taalgebruik; die verklaring van Openbaring; opbou en indeling.

Daar is verder ook 'n nuttige teksregister, sakeregister en literatuurlys.

Wat die boek waardevol maak is die feit dat dit, in die woorde van die Voorwoord, nie 'n klakkelose herhaling van tradisionele standpunte aanbied nie. Dit bied insae in nuwere ontwikkelings, sonder om die standhoudende uit die ouer benaderings prys te gee. Hierdie omvattende weergawe en bespreking van die jongste stand van die Johannesondersoek is 'n substansiële verryking van ons Afrikaanse teologiese literatuur.

*Fika J. van Rensburg* (Dept. Klassieke en Semitistiek, PU vir CHO)

**SWIDLER, L., ERON, L.S., SLOYAN, G. & DEAN, L. 1990. Bursting the Bonds? A Jewish-Christian Dialogue on Jesus and Paul.**
Maryknoll, New York : Orbis Books. 224 p. Prys: nie vermeld nie.

Hierdie boek is die veertiende in die Orbis-reeks *Faith Meets Faith* – 'n reeks oor dialoog tussen verskillende godsdienste. Soos wat die titel suggureer, is hierdie boek 'n gesprek tussen Joodse en Christelike teoloë.

Die boek is getrou aan die bedoeling van die reeks, en is 'n toonbeeld van kreatiewe en duidelike reaksies op die nuwe vrae van pluralisme waarmee elke godsdienstige persoon vandag gekonfronteer word. Daar is 'n volledige verdiskontering van die huidige veelheid metodologiese en inhoudelike benaderings in die gesprek tussen verskillende godsdienste. Die uitgangspunt is dat die een nie die ander in die eerste plek moet wil onderrig nie, maar dat die een by die ander moet wil leer.

Die boek is die resultaat van 'n sewe jaar lange gesprek, mondeling en skriftelik, tussen die vier outeurs. Naas 'n proloog (p. 1-10) waarin die hele debat tussen Joodse en Christelike navorsers oor die Nuwe Testament in perspektief gestel word, is die boek in twee afdelings verdeel. Afdeling 1 (p. 13-124) bevat die dialoog oor Jesus, en afdeling 2 (p. 125-212) handel oor Paulus.

Afdeling 1 (oor Jesus) is in agt hoofstukke verdeel, alternatiewelik geskryf deur die Joodse en die Christelike teoloog. Onderwerpe wat aangesny word, is die volgende:

* Waarom Christene met Jode en die Judaïsme oor Jesus in gesprek moet tree.
* *Yeshua* se plek in die Joodse samelewing van sy tyd.
* Was *Yeshua* 'n Tora-getroue Jood?
* *Yeshua*: Messias? Christus? Mens? God?
* Jesus en Judaïsme.

Afdeling 2 (oor Paulus) is in veertien hoofstukke verdeel, ook alternatiewelik geskryf deur die Joodse en die Christelike teoloog. Die volgende onderwerpe word behandel:

* Kan 'n Jood oor Paulus praat?
* Die getrouheid van Paulus se voorstelling van die Judaïsme van sy tyd.
* Paulus en die wet.
* Kan iemand die wet onderhou?
* Moes Joodse Christene die wet onderhou?
* Paulus se hoop vir die Jode.

- Was Paulus se tema 'regverdigmaking deur die geloof', of 'die oordrag van die heerskappy'?

Elke Christen wie se pad met Jode kruis, sal kennelik groot baat vind by die bestudering van hierdie vrymoedige gesprek tussen Joodse en Christelike teoloë. Die boek bevat ook vir die navorser waardevolle voetnote en geannoteerde bibliografieë oor die verskillende onderwerpe.

*Fika J. van Rensburg* (Dept. Klassieke en Semitistiek, PU vir CHO)

DU TOIT, A.B. *red.* 1990. **Handleiding by die Nuwe Testament, Band VI. Die Johannesevangelie; Hebreërs tot Openbaring.**
Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 314 p. Prys: R 49,40.

Hierdie sesde band van die *Handleiding by die Nuwe Testament* bring in 'n sekere sin voltooiing aan dié formidabele reeks. Die bande van hierdie reeks het reeds hulle onmisbaarheid vir teologiese studente, predikante en teoloë bewys, en dieselfde geld van hierdie sesde band.

In Band VI kom die Inleiding en Teologie van die Johannesevangelie en die boeke Hebreërs tot Openbaring aan die orde. Die lesersvriendelike aanpak is opvallend: die gebruiker word deur paragraafnommering, vetdruk van kerngedeeltes en kleiner druk van ekskurse in staat gestel om die boek ooreenkomstig sy onmiddellike behoefte te gebruik. Die gerigte literatuurgidse wat by elke onderafdeling voorkom, maak dit vir die navorser moontlik om op 'n tyd-ekonomiese wyse 'n oorsig oor al die relevante literatuur te verkry. Die sistematiese behandeling, duidelike en gedetailleerde opskrifte en volledige inhoudsopgawe maak die boek 'n genot om te gebruik.

Die inhoud van die boek is die volgende (die outeur van elke onderdeel is telkens in hakies vermeld):

1. Die Evangelie volgens Johannes: Inleiding en Teologie (J.A. du Rand)
2. Hebreërs: Inleiding en Teologie (W.S. Vorster)
3. Die Jakobusbrief: Inleiding en Teologie (J.L. de Villiers)
4. Die Eerste Petrusbrief: Inleiding en Teologie (J.L. de Villiers)
5. 2 Petrus en Judas: Inleiding en Teologie (H.J.B. Combrink)
6. Die Johannesbriewe: Inleiding en Teologie (J.C. Coetzee)
7. Die Openbaring aan Johannes: Inleiding en Teologie (J.A. du Rand)

*Fika J. van Rensburg* (Dept. Klassieke en Semitistiek, PU vir CHO)

**BURGER, C.W., MÜLLER, B.A. & SMIT, D.J. 1990. Verdere riglyne vir adventsprediking.** Kaapstad : Lux Verbi. Prys: R 37,75.

Die *Woord teen die lig* reeks word lank reeds met vrug deur baie Afrikaanse predikante gebruik. Hierdie sewende nommer van die eerste reeks is 'n opvolging van die eerste nommer in hierdie reeks, wat ook die titel *Riglyne vir adventsprediking* dra.

Die boek begin met 'n hoofstuk deur B.A. Muller oor "Die sosiale aspekte van adventsprediking" (p. 9-18). Daarna word die stof aangebied in vier siklusse, waarin onderskeidelik perikope uit die Psalms, Jesaja, Matteus en Markus, en die sendbriewe en Openbaring behandel word. Elke siklus behandel ses perikope, een elk vir die eerste tot die vierde advent, een vir Kersfees, een vir die Sondag na Kersfees, en in een geval ook 'n perikoop vir Nuwejaar.

Die behandeling van elk van die perikope word gedoen volgens die beproefde metode wat in *Woord teen die lig* gevolg word: eers word 'n bibliografie van kommentare, homiletiese bronne en aanvullende bronne gegee. Die behandeling self is in drie afdelings verdeel: eksegeties, hermeneuties en homileties. Eksurse en langer aanhalings word in fyner druk gegee, 'n hulpmiddel wat die gebruiker in staat stel om te besluit of hy dit wil lees of wil oorslaan.

Elke prediker sal hierdie publikasie met vrug gebruik.

*Fika J. van Rensburg* (Dept. Klassieke en Semitistiek, PU vir CHO)

**SWANEPOEL, M. 1993. Greep op die lewe.** Halfweghuis : Orion. 157p. Prys R 29,95.

*Greep op die lewe* is 'n Bybeldagboek vir studente waarin 'n verskeidenheid sake waarmee hedendaagse jongmense te doen het, behandel word. Hierdie dagstukkies word met 'n kernteks uit die Skrif toegelig.

Elke maand het 'n oorhoofse tema wat nou aansluit by die eiesoortige jaarprogram van studente en is so geskryf dat die studentelesers se aandag dadelik geprikkel word om die betrokke Skrifgedeelte wat daarmee saam behandel word te lees.

Maandtemas wat bespreek word, sluit onder andere die volgende in: Ester en Josef. "'n Jong meisie en jong man wie se lewens die Here met besondere wysheid verryk het" (Januarie en Februarie), "Selfkennis" (Maart), "Ontdekkingsreis deur Psalms" (April), "Die wonder wat die Gees doen" (Mei), "Voortgesette geloofsgroei" (Junie), "Verhoudings met ander mense" (Julie), "By Jesus se voete – die Bergrede!" (Augustus), "Lentetyd is liefdestyd tussen 'n man en 'n meisie" (September), "Die rykdom van die natuur" (Oktober), "Gebed" (November),

"Fees van Jesus Christus" (Desember). Elke maand word afgesluit met 'n kort gebed.

Hierdie populêre geskrif is werklik 'n greep op die lewe en slaag daarin om aan die jongmens 'n suiwer Christelike perspektief op talle probleemsake van die lewe te gee.

Die dagstukkies is nie langer as 200 woorde nie en bestaan meestal uit twee paragrawe; ontvouing en dan 'n konkrete toepassing. Hierdie aanbiedingswyse verhoog die leesbaarheid van die boek aansienlik.

Dit is jammer dat sommige dagstukkies nie vanuit 'n bepaalde Skrifgedagte gehaal word nie. So kan die leser byvoorbeeld op 19, 20 en 21 September lees van "Liefde is teleurstelling", "Hoe verwerk ek my teleurstelling?" en "Vergifnis", na musiek van Andre Schwartz of Koos du Plessis of Amanda Strydom luister sonder om op dié dag die Bybel te lees. Is die doel van die boek nie juis om ons jongmense 'n *Bybelse* greep op die lewe te gee nie? Hulle moet gelei word tot *selfstandige* hantering van die Skrif waartoe die publikasie 'n handige hulpmiddel behoort te wees!

Die outeur se eerlike strewe om die Skrif verantwoordelik te gebruik en relevant vir ons jongmense te laat spreek, is egter 'n pluspunt.

*S.C. Vorster* (Gereformeerde Kerk Voortrekkerhoogte)

## Boekaankondigings

Van der Walt, B.J. 1994. **The Liberating Message. A Christian Worldview for Africa**. Potchefstroom : IRS. 625 pp. R50,00.

Burger, C.W., Müller, B.A., Smit, D.J. 1993. **Woord teen die lig III:3. Riglyne vir die prediking oor regverdiging en reg**. Kaapstad : Lux Verbi.

Burger, C.W. *red.* 1993. **Riglyne vir die prediking oor die Pastorale Briewe**. Kaapstad : Lux Verbi. 424 pp. R76,00.

Van Genderen, J. 1993. **Naar de vorm van het Woord**. Kok : Kampen. 207 p.